

Centre Number	Candidate Number	Candidate Name
---------------	------------------	----------------

NAMIBIA SENIOR SECONDARY CERTIFICATE

AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE ORDINARY LEVEL

6108/1

PAPER 1 Reading and Writing

2 hours 30 minutes

Marks 70

2022

No Additional Materials are required.

INSTRUCTIONS AND INFORMATION FOR CANDIDATES

- Answer on the Question Paper in the spaces provided.
- Write your Centre Number, Candidate Number and Name in the spaces at the top of this page.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.
- Do not write in the margin *For Examiner's Use*.
- Answer **all** questions.
- The number of marks is given in brackets [] at the end of each question or part question.

INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR KANDIDATE

- Skryf jou antwoorde op die vraestel in die spasies wat voorsien is.
- Skryf jou Sentrumnommer, Kandidaatnommer en Naam in die spasies bo-aan hierdie bladsy.
- Skryf met 'n donkerblou of swart pen.
- Moenie vloeibare uitwisser gebruik nie.
- Moenie in die kantlyn "*For Examiner's Use*" skryf nie.
- Beantwoord **alle** vrae.
- Die aantal punte word tussen hakies [] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.

For Examiner's Use		
Afdeling A	Taak 1	
	Taak 2	
	Taak 3	
	Taak 4	
Afdeling B	Taak 5	
	Taak 6	
	Totaal	

<i>Marker</i>	
<i>Checker</i>	

This document consists of **15** printed pages and **1** blank page.



Republic of Namibia

MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE

AFDELING A: LEES**Taak 1**

Lees die artikel oor die Okavango-delta en beantwoord die vrae wat volg.

OKAVANGO-DELTA

Hierdie moerasland word die Juweel van die Kalahari genoem. Op 11 Februarie 2013 is bekend gemaak dat die Okavango-delta op die lys van Sewe Natuurwonders van Afrika is. Hierdie deltagebied is ook in 2014 deur Unesco gelys as die 1 000ste Wêrelderfenisgebied. Dit beteken dat die Okavango-delta deur Unesco beskerm word en dat lidlande dit ook moet doen.

Riviere mond gewoonlik in die see, in 'n meer of in 'n ander rivier uit. Die water beweeg stadiger wanneer dit die monding nader. Dit veroorsaak dat sediment – dis soliede materiaal soos sand en klippe – wat saam met die rivierstroom gespoel word, op die bodem gaan lê. Hierdie sediment veroorsaak dat die rivierstroom in verskeie strome vertak. Die sediment word dan later vleilande en graslande wanneer die water opdroog. Die Okavangorivier vloei vanaf Angola deur Namibië se Caprivistroom oor die grens na Botswana. Die Okavango-delta verskil van ander deltas, want dit mond nie uit in 'n ander watermassa nie. Dit stort sy water en sediment uit oor 'n vlakte in die Kalahariwoestyn.

Tussen April en September ondervind die Okavangodelta 'n droë, sonnige winterseisoen. Dit is ook in dié tyd dat die delta oorstroom. Dit is as gevolg van Angola se reënseisoen dat die Okavangorivier oorstroom. Deur die dag is dit warm, maar saans kan die temperatuur skerp daal. Die beste tyd om die Okavango-delta te besoek is in die winter wanneer temperature matiger is. Die somer is vanaf Oktober tot Maart en dit is ook dié gebied se reënseisoen.

As gevolg van die natter en droër gebiede in die delta is hier meer as 'n duisend plantspesies. In die moerasagtige dele is daar papyrusriet. Hierdie rietspesie kan selfs die rivier se vloei patroon verander. In die droër dele is daar verskillende bosse, bome, struik en varingspesies.

Die Okavango-delta is ook die woonplek van 'n verskeidenheid dierspesies, reptiele en voëls. Jagluiperds, renosters, buffels, leeus en olifante kom hier voor. Die rooi lechwes, 'n boksoort, het lang uitstaande hoeve wat hulle help om deur die moeras te beweeg. Daar is ook 85 verskillende visspesies, wat tiervisse en babers insluit. Visse speel 'n belangrike rol in die voedselketting van baie ander diere.

Een van die kleinste inwoners van dié gebied, die tsetsevlug, veroorsaak die meeste probleme. Hy lyk soos ander vlieë, maar dra 'n parasiet wat slaapsiekte by mense veroorsaak. 'n Seer lyf, koors en moegheid is simptome van hierdie siekte.

Daar woon vyf etniese groepe rondom die delta. Hulle vang vis en jag vir 'n lewe, maar is nie 'n gevaar vir die omgewing nie. Elke groep het sy eie unieke taal en identiteit.

Ongeveer 40% van die delta word in die Moremi-wildreservaat in die oostelike deel van die Okavango-delta beskerm. 18 wildebesteduursgebiede bewaar die ander 60%. Die moeilike toegang na dele van die uitgestrekte gebied veroorsaak dat groot dele onbewoon is. Dit veroorsaak ook dat sommige dierspesies onwettig gejag word vir hulle vleis.

(Verkort en verwerk uit Huisgenoot, Mei 2020)

- 1 Wat moet lidlande van Unesco doen?
..... [1]
 - 2 Hoe verskil die Okavango-delta van ander deltas?
..... [1]
 - 3 Hoe affekteer baie reën in Angola die Okavango-delta?
..... [1]
 - 4 Watter effek kan papyrusriet op die Okavangorivier hê?
..... [1]
 - 5 Wat help die lechwes om deur die moerasse te beweeg?
..... [1]
 - 6 Hoekom is die visspesies in die delta baie belangrik?
..... [1]
 - 7 Wanneer het mense 'n seer lyf en voel hulle koorsig en moeg?
..... [1]
 - 8 Wat maak die inheemse bevolkingsgroepe van die Okavango spesiaal?
..... [1]
 - 9 Noem enige **twee** gevolge van die uitgestrektheid van die delta.
..... [2]
- [10]**

Taak 2

Lees die volgende artikel oor die geskiedenis van vier danssoorte en beantwoord dan die vrae wat volg.

A – Die wals

Die naam “wals” kom van die ou Duitse woord "walzen", wat rol, draai of gly beteken. Dit is eers in die stad Wene (die wêreld van wals) en in die Alpestreek in Oostenryk, gedans. Die wals het dieselfde ritme as die Ländler, 'n volksdans in driekwarttyd (1-2-3). Die hoër klasse het eers op die wals neergesien, want hulle het gedink dis 'n verspotte rondspringery deur die laer klas se mense. Die manier waarop 'n walsende man sy dansmaat om haar lyf vashou, was eers vir die hoër klasse in Europa vulgêr. In Engeland, wat nog meer konserwatief was, het dit selfs langer geneem voordat die wals as respektabel beskou is.

B – Die rubbersteweldans

Die rubbersteweldans word uitgevoer deur dansers in rubberstewels wat hulle voete stamp, hande klap en fluitjies blaas terwyl 'n leier bevele uitroep. Dit is 'n dans wat spanwerk en totale dissipline verg. Navorsing het getoon dat hierdie danse baie dieselfde as die Schuplatter-dans van Oostenryk is. Oostenrykse jongmans wou meisies met hierdie dans beïndruk. Volgens legende is hierdie dansstyl deur Oostenrykse sendelinge oorgedra na die amaBhaca, 'n etniese groep, wat by Mount Frere en Umzimkulu in Suid-Afrika voorkom. Die amaBhaca-mans het later in die Durbanse hawe gewerk. Hulle het hulle rubbersteweldans saamgebring. Later is hulle na die goudmyne van Johannesburg. Ander etniese groepe het gou ook die rubbersteweldans geleer. Die danse is uitgevoer met voetgestamp om mense se werkservarings uit te beeld. Later het dit ook die alledaagse en snaakse ervarings van die werkers uitgebeeld. Die dans is deesdae 'n groot toeristeaantreklikheid.

C – Ballet

Dit is 'n dansstyl wat in die vyftiende en sestiende eeu in Wes-Europa ontwikkel is. Dit bestaan uit gestileerde posisies en bewegings wat balans, selfbeheersing en harmonie insluit. Balletdansers moet 'n gevoel vir ritme en 'n goeie begrip van musiek hê. Hulle is bewus van die verhouding tussen voorwerpe en kan met presiesheid in enige rigting op die verhoog beweeg. Hulle beeld die emosies van 'n karakter deur hul bewegings uit. Soos ander dansvorms wat in teaters uitgevoer word, vertel dans 'n storie en weerspieël die musiek. Balletuitvoerings lyk maklik, maar vereis inspanning en is die produk van jare se oefening. 'n Balletdanser moet reeds op 'n ouderdom van tussen agt en tien jaar begin oefen. Die volmaakte balletdanser se fisiese eienskappe sluit in lang arms en bene, 'n lang nek en 'n betreklike kort bolyf. Elke danser se tegniek en vaardighede is uniek.

D – Lyndanse

In lyndanse dans mense in lyne of rye op maat van musiek. Vanaf die 1800's het immigrante in Amerika hierdie sport dans ontwikkel. Lyndanse is 'n volksdans waarin die dansers twee parallelle lyne vorm en 'n reeks dansbewegings met verskillende dansmaats in die lyn uitvoer. Hierdie lyndanse het 'n groot invloed gehad op die lyndanse van vandag. Nou word lyndanse op maat van populêre liedjies uitgevoer. Die lyndansers beweeg almal in dieselfde rigting en doen die stappe op presies dieselfde tyd. Alhoewel daar gewoonlik 'n paar lyne dansers is, kan 'n lyndans ook deur net twee mense gedoen word. Lyndanse fokus hoofsaaklik op bewegings van die bene en die voete.

(Aangepas uit Mieliestronk.com)

Die onderstaande vrae is oor vier dansstyle (**A - D**). Skryf vir elke vraag die korrekte letter **A**, **B**, **C**, of **D** in die ruimte wat daarvoor voorsien word.

Voorbeeld:

Watter dans is 'n groot toeriste-aantreklikheid? ...**B**...

Watter dans ...

10	is eers deur die hoër klasse afgekeur?	[1]
11	beeld die gevoelens van karakters uit?	[1]
12	fokus op bewegings van die bene en voete.	[1]
13	het in Wene ontstaan?	[1]
14	beeld 'n storie uit?	[1]
15	is soos 'n Oostenrykse dans?	[1]
16	word op maat van populêre liedjies uitgevoer?	[1]
17	vereis baie dissipline en groepwerk?	[1]
18	is deur verskillende groepe mense ontwikkel?	[1]

[9]

Taak 3

- 19** Lees die artikel oor voëls se vere en voltooi dan die aantekeninge op die volgende bladsy.

Voëls se vere

Voëls is anders as ander diere omdat hulle die enigste spesie is wat vere het.

Vere is baie belangrik, want dit help voëls om te vlieg. Dis nie al funksie nie. Voëls gebruik dit ook om hul broeimaats te beïndruk en om hulleself in hulle omgewing te kamoefleer. 'n Ander belangrike funksie van vere is om die voël te beskerm teen die elemente, soos reën, koue en hitte. Watervoëls soos die mandaryn-eend vang lug tussen hulle vere vas om hulle te help dryf. 'n Rooiborsie pof sy vere uit wanneer hy koud kry om sodoende die warm lug tussen sy vere rondom sy lyf vas te vang. Wanneer dit warm is, doen voëls die teenoorgestelde: Die vere word plat teen die lyf getrek sodat geen warm lug by die vel kan uitkom nie. 'n Hoender se vlerkvere en stertvere hang grond toe wanneer dit reën sodat die water kan afloop en nie op sy vel kom nie.

Vere bestaan uit dooie materiaal. Dit beteken dat 'n veer wat beskadig is, nie gesond kan raak nie. Dit moet vervang word. Alle voëls verveer ten minste een keer per jaar. Party voëls verloor al hul vere gelyk. By ander word die vere stuk-stuk vervang sodat die voëls steeds kan vlieg en teen die weer beskerm is.

Dis belangrik dat voëls hul vere goed versorg. Hulle doen dit deur te bad en dan hul vere met hulle bekke glad te stryk. Hulle gebruik soms ook hul snawel om vuil plekkies skoon te maak of parasiete te verwyder. Die meeste voëls het oliekliere naby die stuitjie. Die olie wat die kliere afskei, help om die vlerke te beskerm en dit gesond en waterdig te hou. Die voël vryf met sy snawel of kop aan die kliere. Dan versprei hy die olie oor die res van sy lyf.

Daar is vyf hoofsoorte vere: vlerkvere, stertvere, dekvere, donsvere en halfpluime. 'n Veer bestaan uit 'n lang, reguit skag, waaruit kleiner vere groei. Dit lyk soos 'n vlag. Uit hierdie vere kom nog kleiner veertjies wat styf teen mekaar lê. Hierdie veertjies is met hakies aan mekaar vas. Hierdie hakies help dat die vere styf teen mekaar bly vir isolasie. Dit beskerm die voël beter teen koue of warm temperature. Dit maak ook die vere windbestand, wat die voël help om beter te vlieg.

Die vlerkvere laat voëls saam met die lugstrome beweeg. Die stertvere gee stabiliteit en help die voël stuur. Die dekvere help om die voël droog te hou. Kleurvolle dekvere trek aandag, terwyl vaal vere die voëls help om te kamoefleer. Die halfpluime en donsvere hou die voël se lyf warm.

Ja, 'n voël se vere help beslis om dit 'n besondere dier te maak.

(Aangepas uit Huisgenoot.com)

Jy gaan 'n praatjie Voëls se vere in die klas lewer. Maak kort aantekeninge onder elke opskef waarop jy jou praatjie kan baseer. Die eerste aantekening is vir jou gemaak.

voëls se vere

(a) Voëls se vere is baie belangrik, want ...

- dit help hulle om te vlieg

-
-

(b) Maniere waarop voëls hulle vere versorg:

-
-
-

(c) Die funksie van die hakies in vere:

-
-
-

[8]

Taak 4

Lees die volgende artikel oor hoe 'n mens jou vel kan beskerm en beantwoord die vrae wat volg.

INTELLIGENTE SONBESKERMING

In ons land wat bekend is vir sy droë klimaat en hitte, is dit baie belangrik om jou vel teen die son te beskerm. Sonderskerm is produkte wat keer dat die son se ultravioletstrale die vel beskadig. Daar is twee soorte ultravioletstrale, UVA en UVB.

Die UVB-strale veroorsaak gewone sonbrand en beskadig die vel. Die UVA-strale gaan die vel in. Dit maak die vel oud, dit veroorsaak plooië en maak die vel hard. Hierdie UVA-strale veroorsaak ook velkanker. Daarom is die gebruik van sonskerm baie belangrik vir almal bo die ouderdom van ses maande. Selfs mense wat binne naby vensters werk, moet sonskerm gebruik. Babas jonger as ses maande moet glad nie in die son kom nie. Hulle velletjies is te sensitief om sonskerm daarop te sit.

'n Sonskerm is 'n goeie produk vir mense met sensitiewe velle of wat 'n familiegeskiedenis van kanker het. 'n SPF 15 (sonbeskermingsfaktor) kan jou omtrent 93% teen die UVB-strale beskerm. Die SPF 30 kan jou 97% beskerm en die SPF 50 kan jou 98% beskerm. Daar is ongelukkig nog nie produk wat jou heeltemal kan beskerm teen die son nie. Geen sonskerm werk vir langer as twee uur nie. Daarom moet 'n mens sonskerm gereeld aansmeer.

Hoe kies jy die regte sonskerm? Hoeveel tyd jy in die son gaan wees, bepaal wat jy moet gebruik. Sonskerm wat jou teen UVA- en UVB-strale beskerm, is die beste. Baie soorte room en ook naskeermiddel het klaar 'n sonskerm van 15 in, wat goed genoeg is vir daaglikse aktiwiteite. Maar as jy buite werk of lank in die buitlug is, moet jy SPF 30 gebruik.

Sonskerm wat nie deur water afgewas word nie, is goed vir warm dae of as 'n mens aan sport deelneem. Dit sal nie sommer in jou oë drup as jy sweet nie. Dit is taaier en is nie lekker om saam met ander velprodukte of grimering te gebruik nie. Waterdigte sonskerm moet ook elke twee uur aangesmeer word sodat dit jou goed teen die son beskerm.

Party mense glo dis nie nodig om sonskerm te gebruik as dit koud of bewolk is nie, maar dit is nie waar nie. Tot 40% van die son se ultravioletstrale bereik die aarde op 'n bewolkte dag. Jy kan ernstige sonbrand kry as jy op 'n bewolkte dag baie tyd buite deurbring en geen sonskerm gebruik nie.

Koop 'n produk van hoë gehalte met 'n SPF van 15 of hoër, kyk na die bestanddele om seker te maak dit sal jou goed beskerm as jy lank buite is. Ten slotte, kyk uit vir die KANSA-embleem – dit waarborg dat 'n sonskerm veilig, van 'n hoë standaard en doeltreffend is.

Soos met enige produk is daar altyd nuwe navorsing om produkte te verbeter. Die gewone sonskerms bevat bestanddele wat UVA-strale en UVB-strale keer. Navorsing het getoon dat die nuutste sonskerms ook sterk anti-oksidente bevat wat die negatiewe uitwerking van strale kan teenwerk.

Daar is ook produkte wat die vel se immuniteit beskerm. Die vel word dan nie so maklik deur die UV-strale beskadig nie. Gebruik jou sonskerm op die regte manier. Gebruik ook goeie velprodukte om die vel te versterk.

Onthou om jou sonskerm altyd reg te gebruik en om jou vel met goeie velprodukte sterker te maak.

(Verkort en aangepas uit: Plus 50)

Lees die volgende vrae wat gebaseer is op die leesstuk oor sonbeskerming. Maak 'n regmerk (✓) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

20	Sonskerms is produkte wat		
	A	'n mens se vel sterk en gesond maak.	
	B	keer dat ultravioletstrale jou vel beskadig.	
	C	jou vel teen die son se hitte beskerm.	
	D	keer dat jou vel baie droog word.	

21	Die UVB-strale veroorsaak		
	A	sonbrand en maak die vel oud.	
	B	sonbrand en beskadig die vel.	
	C	plooie en maak die vel hard.	
	D	plooie en beskadig die vel.	

22	Van watter ouderdom af volgens die artikel behoort sonskerm gebruik te word?		
	A	Jonger as ses maande	
	B	Ses en twintig	
	C	Ouer as ses maande	
	D	Ouer as sestien	

23	Volgens die artikel is die beste sonskerm een met 'n SPF-faktor van		
	A	15.	
	B	30.	
	C	50.	
	D	98.	

24	Wat is die skrywer van die artikel se houding teenoor die gebruik van sonskerm?	
	A	Positief
	B	Onseker
	C	Negatief
	D	Skepties

25	Hoe gereeld moet 'n mens sonskerm aansmeer, volgens die artikel?	
	A	Een keer per dag.
	B	Voordat jy buitentoe gaan.
	C	Twee keer per dag.
	D	Elke twee uur.

26	Watter waarborg gee die KANSA-embleem? Die sonskerm produk	
	A	is doeltreffend en veilig.
	B	bied goeie beskerming.
	C	is baie langer effektief.
	D	kan binne en buite gebruik word.

27	Wat sê navorsers oor die nuutste sonskerm?	
	A	Dit bevat ultravioletstrale.
	B	Dit werk goed saam met grimering.
	C	Dit maak 'n mens se vel immuun.
	D	Dit bevat anti-oksidente.

[8]

AFDELING B: SKRYF**Taak 5: Begeleide skryfwerk**

Jy wil toeriste van oral lok om jou land, Namibië, te besoek.

Skryf 'n artikel vir 'n tydskrif waarin jy meer vertel van jou land.

In jou artikel moet jy vertel van ...

- die inwoners en hul kulture
- plekke wat 'n mens moet besoek
- kontraste in die landskap en plantegroei

Jou artikel moet tussen **100** en **150** woorde lank wees.

Jy sal tot **8** punte vir die inhoud van jou brief ontvang en tot **7** punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

Taak 6: Uitgebreide skryfwerk

Skryf **200** tot **250** woorde oor **een** van die volgende onderwerpe:

- (a) Elektronika maak die mens passief en onkreatief. Bespreek jou mening.
- (b) Dis vroegsomer en die reën het begin uitsak. Beskryf hierdie grys, reënerige dag.
- (c) Skryf 'n storie met die volgende titel: Só het ek 'n held/heldin geword.

Jy sal tot **10** punte vir die inhoud en tot **10** punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik ontvang.

BLANK PAGE

The DNEA acknowledges the usage and reproduction of third party copyright material in the NSSC Assessment, **with and without permission** from the copyright holder. The Namibian Government Copyright Act allows copyright material to be used limitedly and fairly for educational and non-commercial purposes.

The Directorate of National Assessment and Examinations operates under the auspices of the Ministry of Education, Arts and Culture in Namibia.